**23 Maart** **Skrifgedeelte: Markus 9:14-29 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 9:23**

## Hulp aan ‘n ongelowige geslag

Die toestand van die ongelowige man se seun word opvallend breedvoerig beskryf. Nie alleen is hy stom en doof nie, ‘n demoon is in hom werksaam en bedreig sy lewe. Jesus se versugting gaan oor meer as hierdie seun. Sy toestand is tekenend van die ongeloof van die volk. Die genesing van die seun gaan daarom nie net oor hulp aan hom nie, maar om ‘n hele skare tot geloof te beweeg. Dit word duidelik deurdat die genesing (vers 19b-20 en 25-27) as ’t ware die gesprek met die ongelowige vader (vers 21-24) omraam. Dat die vader sy seun met so ‘n ernstige toestand nou eers na Jesus bring, is te wyte aan sy ongeloof. Huiwerend vra hy dat Jesus hulle moet help as Hy iets kan doen. Jesus draai die “kan” egter om. Die vraag is nie of Jesus kan nie, die vraag is eerder of die man kan. Kan hy glo dat Jesus tot alles in staat is!

Jesus se woorde breek egter die ongeloof in die man stukkend. Voordat die onrein gees die seun verlaat, kom hy tot geloof. Snikkend doen hy wat nodig was. Hy smeek Jesus om hom in sy ongeloof te hulp te kom. En wanneer die dissipels Jesus later vra waarom hulle dit nie kon doen nie, hoor hulle dat nie net die mense nie, maar ook hulle moet leer om te vertrou.

Is alles moontlik as jy glo? Inderdaad. En dan is dit nie net geloof wat ter sprake is nie, maar ‘n persoonlike verhouding met Hom wat tot alles in staat is.

*Sing: Psalm 27:4* *Ds BC Smit (Brits-Wes)*